**Donderdag 12 Desember**

| Skrifgedeelte: Jesaja 41:1-13; Openbaring 1 | Fokusgedeelte: Openbaring 1:17 |
|---|---|

**Jesus verskyn met almag tot verlossing en oordeel**

Johannes het die Koning tussen die sewe goue kandelare sien staan. Van die Ou Testament af word die kerk van God gesimboliseer deur ’n kandelaar met sewe ligtende arms wat in ’n reguit lyn staan – dit simboliseer die kerk van Christus deur alle eeue.

Die Here Jesus Christus staan hier in sy kerk. Tesame vorm hulle ’n indrukwekkende geheel – die Seun van die Mens saam met die kerk in sy vervulling. Jesus Christus het die lewende Middelpunt van elke kerk geword.

Geen gemeente het enige krag uit homself nie. Hulle is die kandelare, en ’n kandelaar is net ’n houer waarin die olie vlam. ’n Gemeente is die kandelaar waarin die vlam van Christus moet brand. Hoe kan ’n gemeente ’n kandelaar wees wat sy lig laat skyn as sy lidmate verdonker is?

Die Here Jesus Christus moet die Lig in die waarheid en die Lig van die genade in elke gelowige wees. Dan en alleen dan kan ’n kandelaar sy volle lig laat skyn.

Elke lidmaat moet soos die kandelaar wees wat skyn vir die mense. Christus het immers gesê:

*“Julle is die lig van die wêreld. ’n Stad wat bo-op ’n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en ’n mens steek ook nie ’n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.”*

*Sing: Psalm 149-1:4*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*